STABILIS

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary

JAARGANG / VOLUME 46 · NO 1

Maart / March 2012

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2011 · Best school newspaper in South Africa in 2011



# Twee magtige manne ontmoet

## Waardevolle saamtrek beteken baie vir Grey se pa's en hul seuns

Mnr Johan Volsteedt saam met Angus Buchan tydens die Grey 'Mighty Men' saamtrek . Foto: Marchant Pienaar

"Die gesig van pa's met hul arms om hul seuns, sal ek nooit kan vergeet nie." Dit is die woorde van me Corné Grobbelaar, wat die onlangse *Mighty Men-konferensie* met Angus Buchan by Grey gereël het.

Die teksvers vir die naweek was Maleagi 4:6. Die boodskap van oom Angus was dat die grootste present wat 'n pa vir sy seun kan gee is om sy ma lief te hê.

Die konferensie was die naweek van 24-26 Februarie. Die eerste sessie het Saterdagoggend begin. Joe Niemand het gesing en *Crearé* het die *Praise & Worship* gelei. Johnny Louw het die derde sessie gelei. Die Sondagoggend was daar 'n gesinsdiens, gelei deur ds Johan Beukes.

'n Paar kringleiers het die droom gehad om iets te doen vir pa's en seuns. Oom Angus was die eerste keuse om met die mans te praat. Die seuns het gevoel een praatjie is nie genoeg nie en daar is besluit op 'n naweek vir pa's en seuns.

Die bywoning van 600 mense was teleurstellend omdat daar soveel onkostes aangegaan is. Ten spyte daarvan sê me Grobbelaar: "Ek dink nie ons besef watter invloed die naweek gehad het nie. Ek glo dat pa's net weer herinner is aan hul groot taak as leiers van hul gesin, en seuns gehoor het dat liefde en respek so belangrik is".


**-Reinhard Arndt**

News page 2



Just one Bag feeds a multitude of starving children in our country

Diepte bl 8




Elektroniese interaksie raak noodsaaklik vir alle onderrig

Journal page 9




Die Heuwels Fantasties invades the Gustav Fichardt pool

Sport bl 11



Waterpolo-spanne toon opmerklike tekens van vooruitgang




Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby

## BLITSNUUS

### Just one bag at a time adds up to 80 tons

After watching a television documentary, Jordan Van Der Walt - a grade 6 learner at St John's College in Johannesburg - was so shocked by the starvation he saw that he started the *Just One Bag* project. If everyone donates just one bag of maize meal we will help feed many South African children.

Jordan approached his principal with the idea that each learner should bring just one bag of maize meal to school. Within a week,with help from franchises such as Spar, Pick 'n Pay and even a local towing company almost 17 tons was collected.

94.7 Highveld Stereo Breakfast Express invited Jordan to promote his idea. KFC came on board as sponsors, along with Vital Logistics. Shortly afterwards, Jordan was then invited onto Great Expectations on e.TV to share this with South Africans.

On Friday16 March, Jordan came to speak at Grey, and he shared his story. On that same day, more than 6 tons of maize meal was collected. Jordan's *Just One Bag* project has fed half a million hungry children.

**- Jarryd Scholtz**

## IMPORTANT DATES

**14 April 2012**
Choir Black Tie Event
**27 April 2012**
Freedom Day
**1 May 2012**
Worker's Day
**5 May 2012**
Interschool vs. Selborne College
**12 May 2012**
Interschool vs. Affies
**26 May 2012**
Interschool vs. Paarl Boy's High

# Grade 8s invade Zastron

## Outdoor experience inspires unity amongst learners



Two grade 8s emerge victorious after a trip through the infamous 'Ottergat'. **Photo: Dianno Baatjies**

"This weekend to Zastron for the grade 8s was finalised literally a couple of days ago", Mr Els informed the prefects just a day before the departure of all the grade 8 learners to the outdoor centre at Zastron.

The boys departed from school at 06:00 on Thursday 26 January and returned on Sunday. The seemingly uncertain weekend turned out to be a success. Messrs Stefan Pretorius, Hendri Theron and Christopher Steyn and 8 prefects accompanied them.

The purpose of this trip was to take the boys out of their comfort zone to see how they cope as individuals and as a group, "to learn, to know, to trust one another", stated Mr Els. Mr Steyn explained: "I thought it was a good bonding time for the grade 8s; they learnt different skills while getting to know one another."

The action started the day of arrival and ended on the last minute of the last day. Highlights included the "Ottergat" which is a narrow, pitch-black tunnel that everyone had to crawl through; canoeing in the dam which reeked almost as much as the boys after the camp; the speed and height course and the hikes up the mountain where the boys slept for two nights.

"The coolest part of the camp was the canoeing, because this is something we don't get to do very often. What stood out for me was the perfect example which the prefects set. They were true Grey Gentlemen and set the tone for us. It was an awesome experience," said Eugene van der Merwe, a grade 8 learner.

The biggest obstacle, according to Mr Els, was time: "Time was a factor, to communicate all the arrangements. In the future a few administrative problems need to be ironed out as well". When asked if this would become an annual event for grade 8s, Mr Els answered: "I sincerely hope so, to build character and make memories".

**-Faiq Fredericks**

## Grey goes pink - with good reason as boys show their softer side

The Pick 'n Pay Women's Walk held at Grey on 21 January 2012 was a fundraising initiative of Pink Drive - an organization aimed at improving breast cancer awareness, to educate about the disease and to provide services to women across South Africa, particularly those who do not have access to information on breast health. Pick 'n Pay invited women and men of all ages to join in and walk for this purpose, and close to 1500 people attended to support the cause.


The event started at 10:00 and along with the Pink Drive team, many of our boys as well as Eunice learners volunteered to assist with raising awareness and cleaning up afterwards. Burger Oosthuizen, school captain who also helped, said: "It was a very well-organised event, with a turnout of over 1000 people who came to support the cause. I was one of the assistants, and it felt good to know that I was doing this for a good cause.".

All our grade 8 learners attended the walk, because the event took place over the weekend when these boys slept at the school as part of the initiation process. Jaco van Loggerenberg in grade 8, said: "I enjoyed it very much. I could spend time with my friends during the walk while doing a good deed for people who suffer from breast cancer." Laurent Nagel, also in grade 8, added to that positive statement, and said: "Once we finished the walk, we all received a 'lucky-packet' which we then had to pass on to a cancer sufferer."

**- Dianno Baatjies**

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports
Grey College
Sport
Coca-Cola Fortune




# Twee loopbane verg goeie beplanning

Daar is niks meer bevredigend as om beloon te word vir iets waarvoor jy ontsettend hard gewerk het nie. Hierdie stelling is net weereens bewys deur mnr Lourens van der Merwe.

Aan die einde van verlede jaar se rugbyseisoen is mnr Van der Merwe gekies op die reserwepaneel vir Super 15 rugby. Dit behels dat hy in hierdie jaar se Super Rugbyreeks, wat tans aan die gang is, in verskeie wedstryde as skeidsregter gaan optree.

Mnr Van der Merwe se loopbaan as skeidsregter het begin in 1999 toe hy 'n vriendskaplike o/19D skolewedstryd geblaas het. Na dié wedstryd is hy genader deur 'n senior skeidsregter wat mnr Van der Merwe uitgenooi het om 'n lid van die Vrystaatse Skeidsregters-vereniging te word.

Die wedstryde waarvoor hy voorlopig gekies is as skeidsregter, is Brumbies vs. Highlanders op 24 Maart; Stormers vs. Waratahs op 19 Mei en Lions vs. Melbourne Rebels op 7 Julie.

"Dié dat ek natuurlik baie weg is met die rugby verpligtinge, het beteken dat ek my werkswyse moes verander. M.a.w, deur goeie beplanning handel ek die teoretiese gedeelte van die werk af.

Wanneer ek dan weg is, het die leerders huiswerkoefeninge

Investec
SUPERRUGBY

om te voltooi, wat gemerk word wanneer ek weer terug by die skool is." het mnr Van der Merwe gesê.

"Ons respekteer die feit dat mnr Van der Merwe nie altyd by die skool kan wees nie, en doen daarom gewoonlik al die werk wat hy vir ons gee so volledig as moontlik.

"Ons verstaan dat ons ons kant moet bring en hard moet werk wanneer hy wél hier is," was die woorde van een van mnr Van der Merwe se leerders.

Ten spyte van die feit dat mnr Van der Merwe so dikwels van die skool afwesig moet wees, is dit bykans ongelooflik hoe suksesvol hy daarin slaag om sy twee loopbane gelyktydig glad te laat verloop.

In hierdie stadium is mnr Van der Merwe in Duitsland, en sy klasse is so perfek geadministreer dat selfs sy matriekleerders heeltemal gemaklik is om die huidige toetsreeks te voltooi.

Die skool ondersteun hierdie strewe ten volle en is trots op hierdie multi-talentvolle man.

Mnr Van der Merwe streef daarna om 'n sukses van sy skeidsregterloopbaan te maak, en die hoogste moontlike wedstryd te bereik - 'n Wêreldbeker-finaal.

**- Reinhard Arndt**

## LATE NEWS

### Traditional tea builds on beautiful past

The quarterly prefect tea was held on 7 March 2012 in the Fischer garden of the school. Once again this traditional event proved to be a very enjoyable event.

The prefects, along with all the teachers, enjoyed a variety of snacks and refreshments, kindly supplied by the hostel caterers, Pienaar Caterers.

The Fischer garden is the perfect setting to celebrate a term of hard work and close co-operation between learners and beloved teachers. The ambience emphasises that on this occasion, we are closely connected to the past and traditions of those who have gone before.


The tea which is held solely for the purpose of thanking teachers and prefects for all the hard work that they have done thus far and continue doing for the school, offered everyone a much needed break from their busy daily schedules.

Our headmaster, Mr Johan Volsteedt, who always has good things to say about the current year, said at the tea that he highly appreciates all the members of the staff and the prefect group, and wished them well for the rest of the year.

**- Dianno Baatjies**

# Is Mathematical Literacy really a viable alternative to the real thing?

Prof Jansen speaks out against Math. Lit. as an easy escape from Maths




**Graphic: Jarryd Scholtz**

Several careers have a prerequisite of Mathematics. Learners are faced with two choices in Grade 10, namely Mathematics or Mathematical Literacy.

There is much criticism; Professor Jonathan Jansen, Vice-Chancellor and Rector of the UFS, feels Math. Lit. is an easier route for learners. He believes that learners should be allowed to take the subject if they simply don't understand Mathematics. Mr Gavin Goosen agrees.

The University of Cape Town refuses admission to applicants who did not take Maths, as learners would not cope with scientific courses. Ms Joanita Erasmus, Math. Lit. teacher, feels the workload of the subject is not challenging enough and there is not enough work.

Michael Butler, a prefect in Murray House who takes Math. Lit., says, "Don't take Math. Lit. - it shouldn't be allowed for anyone! Take Maths, and if you struggle you can change to Math. Lit.."

**- Jarryd Scholtz**

## Grey lives up to the legend: Academic excellence again a trademark

The 2011 matric pass rate proved that Grey College is not a sports institute.

The 239 learners who passed confirmed Grey College's place on the academic map. In the annual provincial educational awards Grey College was awarded a high position in the Top Five schools category, and also received a silver certificate (90-95%) for outstanding performance.

The following six students were a particular testimony to hard work and dedication by ranking in the top 100 of the Free State: C Odendaal, H Nel, WS Nel, J van Vuuren, R Kleinhans and L Karsten.

Grey College was awarded the Top School Award in mathematics, physical science and accounting and was further awarded a prize of R100 000 for best results in mathematics. "Grey would not have achieved such success if it were not for the teachers who gave heart and soul towards the interest of the school and the pupils",believes Khanya Mzana, a grade 11learner.


"It is incumbent on the current matrics to prove that Grey is not a sports institution, and they can prove that only by their results", explains Mr Volsteedt, school principal. The legacy of hard work is now in the hands of the current grade 12 class.

**- Vuyani Ndzishe**

## Geliefde "Vollies" nog lank nie klaar met Grey nie

Die woord "aftrede" bestaan nog lank nie in sy kop nie. Daarvoor is mnr Johan Volsteedt nog veels te sterk en vol planne.

Vir mnr Volsteedt is die skool soos 'n gesinslid. Vir 60 jaar al is Grey Kollege sy speelveld, sy tuiste, ontwikkelingsveld en sy hartstog. Kortom, hy kén die skool. So passievol is hy oor sy werk en tuiste dat hy glo Grey Kollege is die mees besondere skool en opvoedingsinstelling op die planeet. Hy het oor die jare geleer dat 'n mens Grey-mense kan vertrou en dat hul samehorigheid mekaar deur krisisse dra. Hy het ook geleer dat aanpassing by veranderende omstandighede noodsaaklik is, en dat Grey se tradisies die skool op koers hou.



Mnr Volsteedt in sy element. **Foto: Kempen Higgo**

Bo alles het mnr Volsteedt geleer dat Grey ruimte bied vir almal.

Mnr Volsteedt het 'n enorme bydra gelewer om die skool uit te bou tot die spogskool wat dit vandag is, en hy glo dat sy opvolger, personeel en die Grey-seuns die hoë standaarde sal handhaaf. Die voorbeeld van die personeel, senior Grey-seuns, asook die "inkoop"van die jonger Grey-manne sal altyd 'n belangrike rol speel om die standaarde te handhaaf.

Onderwysers en leerders gaan dié groot gees mis. Die Grey-familie beskou mnr Volsteedt se aftrede as 'n groot verlies vir die skool. Die meeste onderwysers verkies om nie nou al kommentaar te lewer nie, maar glo dat sy lewenservaring en wysheid moeilik geëwenaar sal word. Hy het 'n hart vir mense, is'n briljante spreker en boonop wonderlik tweetalig. Mnr Volsteedt weet intuïtief hoe om met mense te werk en juis hierdie vermoë is vir Grey Kollege van onskatbare waarde.

**- Luan Nel**



# Wedding bells set to ring in spring

## Unusual Transkei proposal has the desired result for a lucky man



Ms Cheré du Toit - beautifully beaming as only a bride-to-be can. Photo: Sinclair Duckitt

On 10 January, ms Cheré du Toit's fiancé, Wicus Jordaan, proposed to her on holiday at a backpackers resort in the Transkei.

The 'Big Day' will be held right here at Grey, in the Reunie hall. The Marimba band is busily practising a well-known wedding melody, because they have been given the honour to perform at what should be the most memorable day of ms Du Toit's life.

No unusual twists such as themes or dress code have been planned for the wedding; the couple is planning a simple yet special occasion.

However, further details are to remain classified in respect of ms Du Toit's request. We also asked how she reacted when Wicus proposed and she said she was quite overwhelmed but obviously very happy. We wish you and fiancé the best for your future together.

**- Fundile Khoza**

## SHORT NEWS

### Be my Valentine - always a popular day for the lovestruck

The 14th of February never comes as a surprise to anyone, but as a day filled with joy, excitement and gifts - and as always, our Grey boys did it with class. The day was celebrated with music, cards and flowers. Oranje's Con Spirito singers, Indomitus as well as the Grey College boys provided music.

The cards and roses, organised and designed by Mr Alex Els and Ms Celeste Venter and delivered to our sister schools had a retro theme, and the Grey boys decided on the classic red rose as Valentine's gifts.The hall ceremony was directed by Matthew Wilken, who later sang with the two other school captains, Burger Oosthuizen and Roland Berry."I was nervous and excited at the same time", said Burger. Those nerves proved worth the effort in the smiles they received.

However, some teachers were irritated by the waste of a day."I think it's a good idea but a waste of time and time at this school is limited", said Mr Gavin Goosen. Some boys enjoyed the day but felt something was missing.

Dylan van der Merwe felt that more could have been done to celebrate the day."We could have done more with the hall in terms of decorations", said Dylan.

**- Neo Maphakisa**

# Genoeg is genoeg. Geen slonskouse meer, kry jou hare geskeer.

Die afgelope paar weke is daar aandag gegee aan die voorkoms van die Grey-seuns. Elke dag van die week is 'n ander graad ingeroep vir inspeksie.

Op Maandag 5 Maart is daar tot aksie oorgegaan. Elkeen van die seuns wie se hare te lank gevind is, is sommer op die kol 'n haarsny gegee. Die haarsny is behartig deur drie matriekseuns. Anro Redelinghuys, Francois Snyman en GP Greyvenstein was die manne wat die hare moes laat waai. Elke leerder wat 'n haarsny gekry het moes R5 betaal.

Voornemende haarkapper, Anro Redelinhuys, sê hy sny al sedert einde graad 8 hare in die koshuis. Hy is deur mnr T Cronjé genader is om die hare te sny, en hy het dadelik ingestem. Hy het die ander twee genader en hulle gevra om hom te help. Anro het sy kuns by sy ma geleer en gebruik ook haar gereedskap. Anro vertel hy het ook vir Francois en GP geleer om hare te sny en sedertdien maak hulle 'n aangename sakgeldjie in die koshuis.

Die voorkomsinspeksie is deur mnre Cronjé, R. Meyer en I. Machts behartig en daar is toesig oor die haarsny-storie gehou deur verskeie onderwysers. Elke dag van die week het 'n ander graad aan die beurt gekom.

Voorkoms is 'n ernstige kwessie by die skool. Daar word van alle seuns verwag om te alle tye netjies te wees. Dit behels om haarlengte binne die spesifieke voorskrifte te hou, die korrekte skooldrag en om skoene gepoleer te hou. Daar sal in die toekoms ook voortgegaan word met die gereelde inspeksies.

**- Christiaan Gouws**



Grey haarkappers laat die hare waai! Foto: Sinclair Duckitt




# Bepaal jou eie toekoms deur jou eie droom te skep

"Jy bepaal jou eie toekoms,"was die raad van mnr Jannie Mouton (65), stigter en voorsitter van PSG finansiële dienste.

Hy het die Grey-seuns tydens 'n saalperiode op Vrydag 3 Maart 2012 toegespreek. Sy boodskap aan die seuns was dat hulle hul eie droom vir die toekoms moet skep. Hy het ook gesê dat hedendaagse mense nie meer in hulself glo nie,en dat hulle soms van hul eie doelwitte vergeet. AP Bekker, graad 11 leerling wat rekeningkunde en besigheidstudie het,voel dat hy gebaat het by mnr Mouton se toespraak.

Mnr Mouton het al baie teleurstellings beleef wat hom gemotiveer het om hoër uit te styg. In sy outobiografie, *And Then They Fired Me*, beskryf hy sy teleurstelling toe hy as direkteur van SMK afgedank is. Hy het nie gaan lê nie en het 'n nuwe besigheid, PSG en CAPITEC bank gestig.

CAPITEC konsolideer hulle kliënte se skuld en kliënte wat hulle voorheen na mikro-leners gewend het verkies nou om met CAPITEC besigheid te doen. Hul skuld word gekonsolideer en hulle kontantvloei verbeter. CAPITEC is dus mikro-leners en gewone banke,wat kliënte uitbuit in plaas van help, se doodsteek. Boonop is hul rentes op krediet- en spaarrekenings laag en hulle word dus oorval met middelklas kliënte.

Me Marlinda Rothmann, rekeningkunde-onderwyseres sê: "As al die Grey-seuns net geleer het om verby hul beperkinge te kan kyk, het Jannie Mouton 'n verskil aan hulle wegemaak."

Mnr Mouton se slotwoorde: "As jou drome jou nie skrikmaak nie - is dit nie groot genoeg nie," sal Grey-seuns lank bybly.

**- Luan Reynders**

# While there's music and love and romance - take the music and dance

## Learners combine to create a beautiful symphony of sound at Grey

(Grey boys) + (Grey't music staff) x (Grey't music) = an explosive equation for an exciting year filled with events, concerts and tours.

With the appointment of Ms Joanie Prinsloo as full-time staff member and Mr Bennie Liebenberg as wind instrument teacher, new groups will be introduced which will provide more opportunities for boys to participate in this exciting and enriching part of Grey life.

Valentine's Day ensured that the year kicked off on a high E. Our guests, who included head girls from various schools in the city, as well as the Oranje vocal group Con Spirito, were entertained by Indomitus, the Grey College Valentine Band, and the whole school singing a medley of *Fall for You* and *Follow Me*, led by our own three tenors…

The recently launched *Wind Instrument Project* will afford students the opportunity to learn to play brass instruments such as the trumpet, trombone and the tuba as well as woodwind instruments such as the flute, clarinet and saxophone. This is just one of 12 music groups currently in existence. Other groups include the Grey Choir, Indomitus, Grey Ensemble, The String Project, Grey Band, Marimbas, Boere bands, the Drumline and the Gumboot Dancers.

All these groups will be showcased during the annual Affies Intercultural Evening which will take place in Pretoria. At this event, the Oranje Orchestra will be joining forces with the Grey Band and Grey Ensemble in a special performance of *Lord of the Dance*.



Grey musicians grab every opportunity to refine their skills. **Photo: Kempen Higgo**

Some other highlights of the first half of the year include a tour to the Drakensberg Boys' Choir, where the choir and String Ensemble will be performing at *Music in the Mountains*. The Grey Choir has also been invited to participate in the 40th anniversary concert of the RSG choral singing programme, *Loof die Here*. This concert will be one of three held across the country to celebrate this achievement.

Later this year the choir will also be competing in the regional round of the *ATKV Applous Choir Competition*.

In collaboration with the Oranje choir, the Grey choir will be performing in a production featuring the world renowned *Black Tie Singers* and the *Free State Symphony Orchestra*. On the 9th and 10th of June, the Indomitus chamber choir will be performing in *Richard Cock's Songs of Praise* which will also be a fundraising concert for their overseas tour in December. They plan to take part in the *International Festival for Advent* and *Christmas Music* in Bratislava.

Like every year, the pinnacle of the Grey music calendar will be the *Grey College Music Festival* from the 24th to the 25th of August. The theme of this years music festival is *Grey Pizazz* - and the very name sounds promising. This exhilarating event will once again feature the various Grey music groups as well as guest artists Bianca le Grange, Coenie de Villiers and Romanz.

**- Paul Loeb van Zuilenberg**

STACCATO

## Alex Prior: Part of the Prodigy Enigma



British/Russian conductor Alexander Prior (19) appointed to the Seattle Symphony Orchestra's conducting staff in 2010. **Photo: Supplied**

People are generally awestruck when children show skill well beyond their years in certain areas- and music is no exception. Scientists have been baffled, trying to fathom the talent of these young virtuosos. What they did discover, however, was that hereditary factors do not play a significant role in a child's musical development.

So if one is not born a great musician, how did we get history's greatest prodigious composers such as Liszt, Chopin, Bizet and Mozart as well as today's most exceptional musicians such as Michael Province, Xiaoming Zhan, Yehudi Menuhin and Chiara Bertoglio?

Through rigorous practice and intense dedication to their instrument (some practise 8 hours a day) they eventually become the brilliant young artists we know today.

**- Joshua Stevens**

## Joanie Prinsloo is 'n nuwe gesig in dié departement

'n Vars asem is in die "musieklonge" van Grey ingeblaas, en die nuwe bries heet Joanie Prinsloo.

Na haar graad 12- jaar in 2004, het me Prinsloo musiek (B.Mus) begin studeer by die Universiteit van Kaapstad. Sy is tans besig met haar meestersgraad in musiek by Kovsies.Een studierigting is nie vir haar genoeg nie en sy is ook 'n derdejaar regsstudent (LLB).



Die nuweling in die personeelkorps. **Foto: Verskaf**

Me Prinsloo se hoofinstrument is die viool en sy het al vir vele wêreldklas simfonie-orkeste gespeel. Stabilis het hierdie nuwe fenomeen 'n kans gegee om haar sê te sê.

*Wat is u gunsteling….?*

Kos: Prawns

Akteur: Johnny Depp

Aktrise: Angelina Jolie

Boek: Lord of the Rings Trilogy.

Plek in Bloemfontein: Euro Cafè

Woord: "Uncapped"

*Hoe vind u die nuwe omstandighede, veral die feit dat Grey 'n seunsskool is?*

Die aanpassing was vir my maklik. In Kaapstad het ek by 'n meisieskool viool gegee en ek geniet dit verseker meer om met die seuns te werk. Die Grey-seuns is uniek. Die personeel is baie behulpsaam en vriendelik en ek voel heel tuis.

*Wat is u lewensfilosofie?*

"Your journey has moulded you for the greater good. It was exactly what it needed to be. Don't think you've lost time.It took each and every situation to bring you to now.And now is right on time." - Asha Tyson

**- Tian Nienaber**

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za




# As jy stilstaan gaan jy dood

In 'n toespraak met die leerlinge, het skoolhoof en Grey-legende, mnr. Volsteedt gesê dat die skool nooit neutraal moet wees nie. Hy verduidelik verder dat as hy sy kar in "D" sit beweeg dit vorentoe. As hy sy kar in "R" sit,beweeg hy agteruit. Maar as hy sy kar in "N" sit staan hy doodstil.

Wat hy hiermee wou uitlig, is die feit dat wanneer mens in die lewe vorentoe wil beweeg, kan mens net eenvoudig nie neutraal wees nie. Dieselfde geld die skool: ons moet staan vir iets, glo in iets en streef na iets, om altyd te verbeter. Die geheim lê in samehorigheid.

Dié kwartaal, die inleidende paragraaf vir 'n opwindende 2012, het loshande daarin geslaag om die seuns 'n gees van eensgesindheid te gee.

Van die matrieks (wat na 'n baie lang wag uiteindelik hul matriekdasse ontvang het) tot by die graad 8's, het 'n baie woelige kwartaal agter die blad.


Die krieket- en waterpolospelers het op 'n hoogtepunt geëindig aan die einde van nóg 'n suksesvolle seisoen. Die hokkie- en rugbyproewe was ook 'n hewige gespreksitem; dié proewe het ook baie van die seuns en afrigters geëis, veral met die toetsreeks wat in volle swang is

Al die aksie op die sportvelde dra tans by tot 'n oorweldigende afwagting op die tweede kwartaal - wanneer Grey se sportmasjiene in volle werking gaan wees.

Nog 'n geleentheid wat uitstaan is Valentynsdag. Op dié dag het die prefekte 'n spesiale 'gesellligheid' by Oranje Meisiesskool bygewoon. Die dag het ook die musikale sy van die seuns uitgebring toe hulle die hoofmeisies van verskeie skole in Bloemfontein vermaak het. As daar een manier is om seuns saam te bind, is dit om hulle voor 'n groep meisies te sit en vir hulle te sê: "Kom manne, nou is die tyd om te wys waarvan julle gemaak is!"

Op sulke wyses word die nuwelinge van die skool bekend gestel aan wat en wie Grey regtig is.

Die graad 8's het ook tot sover goed gewys waartoe hulle in staat is. Die jong Grey-brakke besig om deel te word van die skool.




## BRIEWE/MAIL



## Real responsibility starts only later in life

I've been fortunate enough to have a son at an early age and he has just joined a local primary school here in Cape Town. Although I'm not a spokesman for all, I've come to the conclusion one only truly appreciates parents, educators and your alma mater once you've become responsible for your own children.

This in itself is a pity as I've realised that I could have squeezed so much more out of the care-free school days, should I have realised and appreciated my privilege at full.

During the matric year, you don't realise how close you are to an era where real responsibility is minimal, true friends as plentiful and one has a world-class playing field to realise your 'glory years'

.

Vive la Grey
***Johan Albert van Niekerk***
***Old Grey***

## Redaksielys 2012

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Phil Boshoff
**Subredakteur: Nuus**
Faiq Fredericks
**Subredakteur: Sport**
Helgard Claassen
**Subredakteur: Diepte**
Dianno Baatjies
**Subredakteur: Joernaal**
Matthew Wilken
**Subredakteur: Kultuur**
Tian Nienaber

**NUUSREDAKSIE**
Neo Maphakisa
Christiaan Gouws
Jarryd Scholtz
Vuyani Ndzishe
Reinhard Arndt
Luan Reynders
Luan Nel
Fundile Khoza

**SPORTREDAKSIE**
Jan Willem Ras
Armand Pretorius
Pieterjan Eloff
Donovan Edeling
Jason Long
Julius Zerwick
Berno Maarsingh
Frans-Hendrik Badenhorst

**DIEPTEREDAKSIE**
Willie Kotze
Malan Bosman
Daniel Steenkamp
James Parsons
Keorapetse Matshele
Louis Schoonwinkel

**KULTUURREDAKSIE**
Joshua Stevens
Paul Loeb van Zuilenberg

**JOERNAALREDAKSIE**
Stephan Janse van Rensburg
Pieter Michau

**KUNSTENAARS**
Casper Schutte

**FOTOGRAWE**
Sinclair Duckitt
Kempen Higgo
Henry Galloway
Hanno du Preez

# Six Cokes met Ruben Bouwer

## Groot krieketgees deel sy gunstelinge, sy inspirasie en sy lewensfilosofieë




Phil Boshoff geniet 'n Coke saam met die nuwe krieketkaptein. **Foto: Sinclair Duckitt**

*Wanneer het jy jou debuut vir die eerstespan gemaak?*
Einde graad 9. Niel Marais was in daardie jare nog kaptein.

*Hoe het dit gebeur dat jy krieket begin speel het?*
Toe ek jonk was, was ek eintlik maar 'n rugbyspeler. Ek het egter eenkeer die geleentheid gekry om krieket te speel en het nog nooit weer teruggekyk nie.

*Waarmee hou jy jou met al daardie ure op die veld besig?*
Wel, as ons in die glippe staan, hoop ons daar is 'n mooi meisie langs die veld.

*Wat van jou krieket geniet jy die meeste op die oomblik?*
Ek geniet die kapteinskap baie. Dis vir my 'n groot uitdaging en ook die hoogtepunt van my krieketloopbaan.

*Hoe het dit gevoel toe jy as kaptein aangewys is?*
Ek het eintlik eers later besef watter groot eer dit is! Ek het ook besef dat die harde werk nog voorlê...

*Hoe beïnvloed al die toere jou sosiale lewe?*
Daar is min tyd vir'n sosiale lewe. Ek skeep ongelukkig my vriende af. Ek probeer ook maar oor naweke as ons nie speel nie, tyd saam met my familie spandeer.

*Hoe beïnvloed al die toere jou akademie?*
Op die oomblik is ek so ver agter dis nie eers snaaks nie!

*Wat was jou snaaksste oomblik op 'n krieketveld nog?*
Ek is baie bang vir weerlig, en eenmaal tydens 'n wedstryd teen KES het die weer so hard geslaan dat ek neergeslaan het! Daarna het ek eenvoudig die veld in die middel van die wedstryd verlaat.

GESKIEDENIS

## Legendes van die Kollege

"Travers Jordaan was 'n dierbare mens", sê Me Maretha Venter, Afrikaans-onderwyseres. Mnr. Travers Jordaan tree in 1985, in die skool se 130ste bestaansjaar, af.

Jordaan was 'n groot bate vir die skool en al die lede van die personeel was spyt oor die verlies van so 'n legende. Die skoolhoof in



Mnr Travers Jordaan

Jordaan se tyd was mnr M.G. Heyns, aangestel in die skool se 125ste bestaansjaar. Ook gedurende Jordaan se tyd, vind die eerste Musiekfees, toe nog bekend as die Koorfees, plaas in die stadsaal.

Jordaan, meer bekend as Oompie Jordaan, het gebruik gemaak van 'n "plankie" as strafmiddel. Dié "plankie" het deesdae 'n spesiale uitstalplek in die skool se museum. Mnr Travers Jordaan was van 1964 tot 1985 aan Grey verbonde.

# Tower room has always been at the centre of Stabilis' many successes

## Newspaper editorial room has been in use for more than forty years

The tower room, also known as the Stabilis room, is located in the main building of our school and has been in use as an editorial room for over 40 years, although few pupils know about it and even less have been inside.

Many successful, award-winning newspapers have passed through the hands of the editors in the tower room.

In the early days of Stabilis, the room was used as a hand-processing room, because a work space was necessary where the layout of the newspaper could be properly planned and processed. Since 1994 the layout of the newspaper has been done digitally, thus the need for such a room has lessened.

Although there is no specific need for the room nowadays, the room still has a certain sense of home to the Stabilis staff, and Dianno Baatjies, member of the core editorial staff, confirmed this, saying: "The first time I saw the room I was amazed that we don't use it more often. It's a wonderful workspace, and it is a very private area, and I believe peace and quiet is necessary to ensure the best product for Stabilis".

The room is currently in use as an exhibition room, where Stabilis newspapers and certificates from past years are displayed. Though it might seem that the tower room is nothing spectacular, the history and the acknowledgement of that history in the room cannot be ignored. The room contains the achievements of many great members of Stabilis editorial staff, and it will surely see more great names on its walls in the years ahead.

**- James Parsons**



The room is used to display the history of Stabilis over the years. **Photo: Sinclair Duckitt**

## Apokaliptiese gerug dramaties ingekleur

Die einde van die wêreld - feit of fiksie? Daar is bewerings dat die aarde op 21 Desember 2012 tot 'n katastrofiese einde gaan kom. Maar waar het al dié bewerings begin?

Die Maja-beskawing, in die hedendaagse Mexiko in Sentraal-Amerika, het 'n hoogtepunt bereik in 300 n.C tot 900 n.C. Hierdie mense het 'n besondere talent vir sterrekunde en wiskunde gehad, en hulle kalenderstelsel was gebaseer op die studie van die verhouding tussen die bewegings van die hemelliggame. Die Lang Telling-kalender van die Majas begin in 3114 v.C en eindig op 21 Desember 2012. Maja-wyses meen egter dit is slegs die einde van 'n ou siklus en die begin van 'n nuwe.



Hierdie apokaliptiese gerugte word verder ingekleur deur die media: meteoriet-reën, galaktiese belyning, 'n polêre verskuiwing en sonvlamme. Geen leerder sidder egter van vrees nie. O'Connell Fourie (graad 11) sê: "Ek glo nie die wêreld gaan eindig nie. My geloof is gebaseer op Bybelse beginsels. Buitendien is daar al van tevore einddatums voorspel, soos 21 Mei 2011."

Nostradamus (1503-1566), die bekende Franse siener, het onder andere die opkoms van Napoleon en Adolf Hitler, as die sogenaamde eerste en tweede antichris beskryf in sy voorspellings. Hy het ook die aanvalle op die World Trade Centre en die wêreldeinde in 2012 voorspel. Mnr. Johan Volsteedt (skoolhoof) sê: "Ek steur my nie aan sulke voorspellings nie. As 'n mens voorbereid is op die feit dat jy verganklik is, is daar niks om te vrees nie".

Die National Aeronautics and Space Administration (NASA) ontken die meeste van dié voorspellings. Volgens NASA se webtuiste, www.nasa.gov, gaan niks in 2012 met die aarde gebeur nie, maar sommiges glo egter dat NASA van die inligting weerhou om chaos te voorkom.

Mnr. Lourens van der Merwe (wetenskap-onderwyser) verwys na die Bybelteks in Matteus 24:36: "Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit.". Hy beklemtoon die feit dat geen Christen die dag moet vrees nie, en sê ook dat daar sekere aspekte is wat nie deur wetenskap verduidelik kan word nie.

